DOKUMENT INLIGTING

Titel	Staatmaker Handleiding
Onderwerp	Staatmakers
Weergawe	1.0
Klassifikasie	Finale Dokument
Geskryf Deur	Magda de Jager en Willem Scholtz
Geskryf Op	16 November 2005

Weergawe	Klassifikasie	Verander Op	Wie	Veranderinge
0.01	Eerste Konsep	2005/11/16	MdJ, WJS	• Oorspronklike Konsep
0.10	Finale Konsep	2006/07/23	MdJ, WJS	• Reglementele Veranderinge • Grammatika
0.20	Finale Konsep	2007/08/01	WB	• Reglementele Veranderinge • Rangkentekens
1.0	Finale Dokument	2007/08/04	MdJ, WJS	• Reglementele Veranderinge • Rangkentekens • Grammatika

No	Dokument Naam
1	Die Reglemente van Die Voortrekkers
2	Die Staatmakerhandleiding (Vorige Uitgawe)

DIE STAATMAKERHANDLEIDING

1 VISIE

Om die jong volwasse Afrikaner toe te rus vir sy roeping teenoor God, land, volk en medemens.

2 MISSIE

2.1 Om Staatmakers op te lei tot effektiewe offisiere;

2.2 Om ‘n ABC omgewing te skep waar binne Staatmakers hulle self kan uit leef;

2.3 Om Staatmakers te mobiliseer om diens te lewer, binne en buite Die Voortrekkers; en

2.4 Om Staatmakers te ontwikkel tot Afrikaner kultuurleiers.

3 STAATMAKERBELOFTE

Ek beloof dat ek sal strewe om te volhard in diens aan die Drie-enige God, my volk, my land en my medemens. Ek vereenselwig my met en onderskryf die grondslag, wese en doelstellings van *Die Voortrekkers* en onderneem om die doelstellings van *Die Voortrekkers* te bevorder.

4 STAATMAKERGROEP

4.1 Staatmakers funksioneer as ‘n Staatmakergroep van ‘n kommando of los van ‘n kommando.

4.2 ‘n Staatmakergroep bestaan uit ‘n minimum van vyf Staatmakers.

4.3 Alle Staatmakergroepe skakel in by hul onmiddellike omgewing (kommando / oord / gebied).

4.4 Indien ‘n groep Staatmakers ‘n nuwe Staatmakergroep wil stig moet dit geskied soos uiteengesit in *MEMORANDUM: Stigting en Ontbinding*.

4.5 Indien ‘n Staatmakergroep wil ontbind moet dit geskied soos uiteengesit in *MEMORANDUM: Stigting en Ontbinding*.

5 INLYWING

‘n Staatmaker moet by inlywing:

5.1 die Grondslag, Wese en Doelstellings van *Die Voortrekkers* begryp. Hom-/ Haarself daarmee vereenselwig, dit onderskryf en uitleef;

5.2 die inhoud van beide die Staatmakerbelofte en die tien kodes van *Die Voortrekkers* ken;

5.3 die breë geskiedenis van *Die Voortrekkers* as organisasie ken;

5.4 aan al die vereistes van lidmaatskap voldoen en geregistreer wees by die betrokke gebiedskantoor.

6 BENAMINGE

6.1 Hoofskakeldraer

6.1.1 Die Hoofskakeldraer is die hoogste posisie binne die Staatmakers.

6.1.2 Die rangkentekens van die Hoofskakeldraer is drie silwer wiele met ‘n ligblou agtergrond.

6.1.3 Die Hoofskakeldraer verteenwoordig die Staatmakers op die Hoofbestuur van *Die Voortrekkers* en tree op as die voorsitter van die Nasionale Komitee: Staatmakers.

6.1.4 Die pligte en verantwoordelikhede van die Hoofskakeldraer word uiteengesit in *OOREENKOMS - Hoofskakeldraer*.

6.2 Adjunkhoofskakeldraer

6.2.1 Daar is twee verskillende portefeuljes, nl. Adjunkhoofskakeldraer: Administrasie en Adjunkhoofskakeldraer: Algemeen.

6.2.2 Die rangkentekens vir ‘n Adjunkhoofskakeldraer is twee silwer wiele met ‘n ligblou agtergrond.

6.2.3 Die hoof funksie van hierdie twee portefeuljes is die funksionering van die Nasionale Komitee: Staatmakers.

6.2.4 Die pligte en verantwoordelikhede van die twee portefeuljes word uiteengesit in *OOREENKOMS - Adjunkhoofskakeldraer: Administrasie* en *OOREENKOMS - Adjunkhoofskakeldraer: Algemeen*.

6.3 Gebiedskakeldraer

6.3.1 Die Gebiedskakeldraer verteenwoordig die Staatmakers op die Gebiedsbestuur van die toepaslike gebied.

6.3.2 Die rangkentekens van ‘n Gebiedskakeldraer is drie rooi kompasse met ‘n ligblou agtergrond.

6.3.3 Die pligte en verantwoordelikhede van die Gebiedskakeldraer word uiteengesit in *OOREENKOMS - Gebiedskakeldraer*.

6.4 Adjunkgebiedskakeldraer

6.4.1 Daar is twee verskillende portefeuljes, nl. Adjunkgebiedskakeldraer: Administrasie en Adjunkgebiedskakeldraer: Algemeen.

6.4.2 Die rangkentekens vir ‘n adjunkgebiedskakeldraer is twee rooi kompasse met ‘n ligblou agtergrond.

6.4.3 Die hoof funksie van hierdie twee portefeuljes is die funksionering van die Gebiedskomitee: Staatmakers.

6.4.4 Daar is nie ‘n beperking op die maksimum persone wat elk deur die Gebiedskomitee: Staatmakers in die portefeulje Adjunkgebiedskakeldraer: Algemeen aangewys word nie.

6.4.5 Die pligte en verantwoordelikhede van beide die portefeuljes word onderskeidelik uiteengesit in *OOREENKOMS - Adjunkgebiedskakeldraer: Administrasie* en *OOREENKOMS - Adjunkgebiedskakeldraer: Algemeen.*

6.5 Groepleier

6.5.1 Die Groepleier staan aan die hoof van ‘n Staatmakergroep.

6.5.2 Die rangkentekens is:

6.5.2.1 Vir ‘n Groepleier van ‘n Staatmakergroep binne ‘n kommando, drie groen kompasse met ‘n ligblou agtergrond; of

6.5.2.2 Vir ‘n Groepleier van ‘n Staatmakergroep los van ‘n kommando, drie blou kompasse met ‘n ligblou agtergrond.

6.5.3 Hierdie persoon is primêr verantwoordelik vir die effektiewe bestuur van die Staatmakergroep.

6.5.4 Die pligte en verantwoordelikhede van die Groepleier word uiteengesit in *OOREENKOMS - Groepleier*.

6.6 Adjunkgroepleier

6.6.1 Daar is twee verskillende portefeuljes vir ‘n Adjunkgroepleier, nl. Adjunkgroepleier: Administrasie en Adjunkgroepleier: Algemeen.

6.6.2 Die rangkentekens is:

6.6.2.1 Vir ‘n Adjunkgroepleier van ‘n Staatmakergroep binne ‘n kommando, twee groen kompasse met ‘n ligblou agtergrond; of

6.6.2.2 Vir ‘n Adjunkgroepleier van ‘n Staatmakergroep los van ‘n kommando, twee blou kompasse met ‘n ligblou agtergrond.

6.6.3 Die primêre funksie van die Adjunkgroepleiers is om saam met die Groepleier die Staatmakergroep te bestuur en te verseker dat die groep effektief funksioneer.

6.6.4 Die pligte en verantwoordelikhede van die Adjunkgroepleier: Administrasie word uiteengesit in *OOREENKOMS - Adjunkgroepleier: Administrasie* en van die Adjunkgroepleier: Algemeen in *OOREENKOMS - Adjunkgroepleier: Algemeen.*

6.7 Staatmaker

6.8 ‘n Staatmaker is enige naskoolse persoon wat geregistreer is as ‘n volwasse lid van *Die Voortrekkers*, tussen die ouderdomme van 18 en 35 jaar, sonder skoolgaande kinders.

6.9 ‘n Staatmaker kan alleenlik as ‘n Staatmaker geregistreer word indien hy/sy ‘n aktiewe lid of skakel lid by ‘n funksionerende Staatmakergroep is.

7 STRUKTURE

7.1 Nasionale Interstatie

7.1.1 Die Nasionale Interstatie word saamgestel deur al die Staatmakers wat geregistreer is.

7.1.2 Alle Staatmakers teenwoordig vorm ‘n kworum en die besluite wat geneem word is bondig vir alle Staatmakers.

7.1.3 Die Nasionale Interstatie word jaarliks op die eerste vol naweek van Augustus aangebied deur die Staatmakers van ‘n bepaalde gebied.

7.1.4 Gebiede maak beurte om die Nasionale Interstatie aan te bied op ‘n rotasie basis, soos bepaal deur die Nasionale Komitee: Staatmakers.

7.2 Nasionale Komitee: Staatmakers

7.2.1 Die Nasionale Komitee: Staatmakers word as volg saamgestel:

7.2.1.1 Hoofskakeldraer

7.2.1.2 Adjunkhoofskakeldraer: Administrasie

7.2.1.3 Adjunkhoofskakeldraer(s): Algemeen

7.2.1.4 Gebiedskakeldraer(s)

7.2.1.5 Addisionele lede van gebiede

7.2.2 Die Nasionale Komitee: Staatmakers moet ten minste een maal per kwartaal vergader.

7.3 Staatmaker Gebiedsaamtrek

7.3.1 Die Interstatie is die gebiedsaamtrek vir alle geregistreerde Staatmakers in die betrokke gebied.

7.3.2 Elke Gebiedskomitee: Staatmakers bied afsonderlik ‘n Interstatie aan vir die Staatmakers in daardie betrokke gebied.

7.3.3 Elke Gebiedskomitee: Staatmakers bepaal self wie en op watter wyse die Interstatie jaarliks aangebied gaan word.

7.3.4 Elke Gebiedskomitee: Staatmakers bepaal self die datum waarop die Interstatie jaarliks aangebied word.

7.4 Gebiedskomitee: Staatmakers

7.4.1 Die Gebiedskomitee: Staatmakers word as volg saamgestel:

7.4.1.1 Gebiedskakeldraer

7.4.1.2 Adjunkgebiedskakeldraer: Administrasie

7.4.1.3 Adjunkgebiedskakeldraer(s): Algemeen

7.4.1.4 Al die Groepleiers van die gebied.

7.4.2 Die Gebiedskomitee: Staatmakers moet ten minste een maal per kwartaal vergader.

7.5 Uitvoerende Gebiedskomitee: Staatmakers

7.5.1 Die Uitvoerende Gebiedskomitee: Staatmakers word as volg saamgestel:

7.5.1.1 Gebiedskakeldraer

7.5.1.2 Adjunkgebiedskakeldraer: Administrasie

7.5.1.3 Adjunkgebiedskakeldraer(s): Algemeen

7.5.2 Die Uitvoerende Gebiedskomitee: Staatmakers vergader so gereeld as wat nodig is.

7.6 Staatmakergroep Bestuur

7.6.1 Die Staatmakergroep Bestuur word as volg saamgestel:

7.6.1.1 Groepleier

7.6.1.2 Adjunkgroepleier: Administrasie

7.6.1.3 Adjunkgroepleier(s): Algemeen

7.6.1.4 Al die Staatmakers van die groep.

7.6.2 Die Groepleier en Adjunkgroepleiers vorm saam die dagbestuur.

7.6.3 Die Staatmakergroep Bestuur moet ten minste een maal elke twee maande vergader.

8 TERMYNE VAN AMPSDRAERS

8.1 Hoofskakeldraer word elke vier jaar verkies op die eerste Nasionale Interstatie na afloop van die Kongres van *Die Voortrekkers*. Dit moet gebeur in dieselfde jaar as die Kongres.

8.2 Die Adjunkhoofskakeldraer: Administrasie en die Adjunkhoofskakeldraer: Algemeen word saam met die nuwe Hoofskakeldraer verkies deur die Nasionale Interstatie. Die ampstermyn is vier jaar.

8.3 Gebiedskakeldraers word gedurende September van die jaar waarin die kongres plaasvind verkies en elke twee jaar daarna.

8.4 Saam met die Gebiedskakeldraer word die al die Adjunkgebiedskakeldraers verkies.

8.5 Groepleiers en Adjunkgroepleiers word in Oktober van elke jaar verkies.

8.6 'n Persoon mag 'n maksimum van twee aaneenlopende dienstermyne 'n rang beklee.

9 FUNKSIONERING

9.1 Die Staatmakers funksioneer op vier terreine, nl.

(a) Dienslewering en Funksionering, (b) Opleiding en Ontwikkeling,

(c) Skakeling met die ABC-gemeenskap en

(d) Skakeling met die Suid-Afrikaanse Gemeenskap.



9.2 Die Staatmakers funksioneer op hierdie vier terreine binne die ABC raamwerk van *Die Voortrekkers*, nl. die Grondslag, Wese en Doelstellings.

9.3 Dit is in belyning met die Toekomsplan 2009 asook Visie 2020.

10 WERKSPROGRAM

Die vertrekpunt van die werksprogram van alle Staatmakergroepe is die grondslag, wese en doelstellings van *Die Voortrekkers*. Dit is egter net so belangrik dat daar omgesien word na die behoeftes van Staatmakers.

Die werksprogram van Staatmakers is tweeledig van aard:
(1) Ondersteuning en dienslewering aan ander Voortrekkers en
(2) om die behoeftes van Staatmakers aan te spreek.
Hierdie twee dele kan nie geskei word van mekaar nie en is ewe belangrik.

Soos hierbo bespreek, funksioneer die Staatmakers op vier vlakke. Die werksprogram kan as volg gegroepeer word onder die vier bene:

10.1 Dienslewering en Funksionering

Onder hierdie been val alle interne aktiwiteite en byeenkomste van die Staatmakergroep. Al hierdie aktiwiteite en byeenkomste moet gegroepeer kan word onder een van die volgende vier hoofde: Dienslewering, Afrikanerskap, Burgerskap of Christenskap.

10.2 Opleiding en Ontwikkeling

Die werksprogram van elke Staatmakergroep moet verskeie geleenthede insluit vir formele en informele opleiding. Formele opleiding is die volwasse opleidingskursusse en Staatmakers moet so ver moontlik aangemoedig word om dit by te woon. Elke Staatmakergroep moet informele opleidingsgeleenthede identifiseer en benut. Staatmakers moet die geleentheid gegun word om self ondervinding op te doen in die Staatmakergroep se bestuur, projekte, aktiwiteite en funksies.

10.3 Skakeling met die ABC-Gemeenskap

Staatmakergroepe moet aktiwiteite vir skakelings met ander groepe van die ABC gemeenskap bywoon, soos dit gereël word deur die Nasionale Komitee: Staatmakers of elke gebied afsonderlik.

10.4 Skakeling met die Suid-Afrikaanse Gemeenskap

Staatmakergroepe moet aktiwiteite vir skakelings met ander groepe in die Suid-Afrikaanse gemeenskap bywoon, soos dit gereël is deur die Nasionale Komitee: Staatmakers of elke gebied afsonderlik.